

BESIGHEIDSTUDIES: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Lees die vrae noukeurig deur en beplan die lengte van jou antwoorde in ooreenstemming met die afdelings wat deur die vrae gedek word.
 3. Beantwoord **sowel Vraag 1 as Vraag 2**.
 4. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.
 5. Elke vraag moet op 'n **nuwe bladsy** beantwoord word.
 6. Kandidate word versoek om spesiale aandag aan taalgebruik te gee.
 7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
 8. Antwoorde moet voltooi word in die Antwoordboek wat voorsien word.
-

Die volgende aspekte sal oorweeg word wanneer punte in hierdie vraestel toegeken word:

- Formaat:
 - Die **KORREKTE** formaat vir elke vraag moet gebruik word, bv. besigheidsverslag.
 - Sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in waar van toepassing.
- Gebruik opskrifte en sub-opskrifte waar gepas.
- Terminologie: korrekte besigheidsterminologie moet gebruik word.
- Inhoud: moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Stawing: Regverdiging van stellings wat gemaak word.
- Toepassing op gevallestudie/konteks.
- Kreatiewe probleemoplossing eerder as slegs teoretiese feitlewering.
- Sintese en opeenvolging.

VRAAG 1

Lees die volgende bronne voordat jy die vraag wat volg beantwoord:

BRON A**Groep Hoofuitvoerende-beampte van Famous Brands, Moedermaatskappy van Debonairs Pizza – Johannesburg; Dinsdag, 14 Oktober 2014:**

Daar is die afgelope paar weke baie in die media geskryf oor die koms van sowel Pizza Hut as Domino's Pizza na Suid-Afrika, met albei woordvoerders wat aandui dat hulle van plan is om die pizzabedryf in die korttermyn wakker te skud. Daar is ook kommentaar gelewer op bestaande pizzahandelsmerke in Suid-Afrika rakende kwessies soos kwaliteit, diens, aflewering, innovasie, ens.

Ons is Suid-Afrika se vernaamste kitsdiens pizzahandelsmerk restaurant en ons het deur die jare baie toekennings vir kwaliteit, diens en innovasie gewen – soos gestem deur die mense wat regtig saak maak – die Suid-Afrikaanse publiek. Die handelsmerk het ook baie industrietoekeennings as 'n franchisegewer verower.

Ons sal ons Debonairs Pizza se marktaandeel beskerm met alle mag, maar ook, en net so belangrik, elkeen van ons franchise-vennote beskerm wat in die Debonairs Pizza handelsmerk belê het.

Laat die pizza-oorloë begin en kom ons laat die Suid-Afrikaanse verbruiker toe om die beslissende besluit te maak deur met hul beursies en hul kele vir hul gunsteling pizzahandelsmerk te stem.

[Afgelaai en aangepas van: <http://www.famousbrands.co.za/news_articles/2014/fb_turns_up_heat_in_pizza_market.php 7/11/2014> op 7 November 2014]

BRON B

- Niks gee my meer energie as om in 'n goeie gekibbel betrokke te raak om ons besigheid te verdedig nie.
 - Innovering sal die sleutel wees in die stryd om marktaandeel te bekom.
- Hedderwick – 2014

[Afgelaai en aangepas van: <<http://www.moneyweb.co.za>> op 7 November 2014]

BRON C**Famous Brands trap versigtig, dog aggressief**

[Afgelaai en aangepas van: <<http://www.bdlive.co.za/business/retail/2014/04/06/famous-brands-treads-carefully-but-aggressively>> op 8 Desember 2014]





Uit **Bronne A, B en C** is dit duidelik dat mnr. Kevin Hedderwick (HUB van Famous Brands) en sy span, Famous Brands vir 'n grootskaalse pizza-oorlog in die kitskosmark voorberei. Hulle doel is om hul titel as Suid-Afrika se voorste pizzahandelsmerk te behou en om die handelsmerk se markaandeel te laat groei om met hierdie internasionale pizza handelsmerke te kompeteer.

Jy is onlangs deur mnr. Hedderwick genader om Famous Brands te help om Debonairs se bemarkingstrategieë te versterk om die invloede van die immer-veranderende eksterne omgewing waarin Famous Brands handeldryf, te hanteer.

Vereistes:

Skryf 'n besigheidsverslag aan mnr Hedderwick waarin jy die volgende bespreek:

- Die impak van die eksterne omgewing op die bemarkingsfunksie. Sluit moontlike tegnieke/ modelle in wat mnr Hedderwick en sy span kan gebruik om die invloede van die eksterne omgewing te bepaal.
- Die 7 Ps van bemarking om bemarkingstrategieë te ontwikkel in reaksie op die invloede van die eksterne omgewing op Debonairs se handelsmerk.

[50]



VRAAG 2

Lees die scenario hieronder noukeurig deur en beantwoord dan die vraag wat volg:

Famous Brands Bestuursopleiding-werkswinkel

Datum : 10 November 2015
Tyd : 10:00 vir 10:30
Plek : James Crescent 478, Midrand
Aangebied deur: Mnr. Kevin Hedderwick



Klik hier vir aanwysings: **Besigtig die kaart**

Opleidingswerkswinkel vir alle: Bemaking, Administrasie, Openbare Betrekkinge, Produksie, Menslike Hulpbronne, Aankope, en Finansiële bestuurders.



Onderwerpe wat in die bestuursopleidingwerkswinkel gedek sal word:

1. Bestuurs- en leierskapstyle
2. Motiveringsfaktore
3. Bestuurstake
4. Bestuursbevoegdhe

[Afbeeldings afgelaai van: <<http://www.innovationmanagement.se>> 11 November 2014 en <<http://www.bdlive.co.za>> 11 November 2014]

Jy is die Menskapitaalbestuurder van Famous Brands en het onlangs die bestuursopleidingskursus bygewoon. Jy het nou besluit om 'n besigheidsverslag aan al die Famous Brands franchiseemers uit te reik.

Vereistes:

Gebruik die temas van die **bestuursopleidingswerkswinkel** om maniere te verduidelik en om aanbevelings te maak oor hoe die franchises **huidige en toekomstige probleme** kan hanteer.

[50]

Totaal: 100 punte